
CONTENTS

| <i>No.</i> | | <i>Page No.</i> | <i>Gazette No.</i> |
|--------------------------------|--|---------------------|------------------------|
| LOCAL AUTHORITY NOTICES | | | |
| 1692 | Town-planning and Townships Ordinance (15/1986) City of Johannesburg Declaration as an approved township Honeydew Manor Extension 23 | 3 | 224 |
| 1693 | do : do : Amendment Scheme 05-2492 | 7 | 224 |

111 0001 11 0000 0000 0000 0000

LOCAL AUTHORITY NOTICES

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1692

CITY OF JOHANNESBURG DECLARATION AS APPROVED TOWNSHIP

In terms of section 103(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986) the CITY OF JOHANNESBURG METROPOLITAN MUNICIPALITY declares **HONEYDEW MANOR EXTENSION 23** to be an approved township subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY BERGKRIEK PROPERTIES (PTY) LIMITED (HEREIN AFTER REFERRED TO AS THE APPLICANT) UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE 1986 (ORDINANCE NO 15 OF 1986) FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 632 (A PORTION OF PORTION 95) OF THE FARM WILGESPRUIT NO. 190 IQ, PROVINCE OF GAUTENG, HAS BEEN GRANTED.

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

1.1. Name

The name of the township shall be **HONEYDEW MANOR EXTENSION 23**.

1.2. Design

The township shall consist of erven as indicated on **General Plan S.G. No 997/2006**.

1.3. Provision and installation of engineering services

The township owner shall provide engineering services in the township, subject to the approval of the Council and/or City Power / Eskom.

1.4. Obligations in respect of services and limitations in respect of the alienation of erven

- (a) The Township owners shall, in terms of a prior agreement with the Council, fulfill its obligations with the regard to the provision of engineering services in and for the township in terms of Chapter 5 of the Ordinance.
- (b) In terms of the Town Planning and Townships Ordinance, 15 of 1986 a contribution towards the provisions of external engineering services, and bulk sewer shall be payable.
- (c) No erven may be alienated or transferred into the name of a purchaser prior to the Council having confirmed that sufficient guarantees / cash contributions in respect of the supply of services by the township owner has been made to the Council.

1.5. Removal or replacement of Municipal Services

If, by reason of the establishment of the township, it should become necessary to remove or replace any existing municipal services, the cost thereof shall be borne by the township owner.

1.6. Disposal of existing Conditions of Title

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals.

1.7. Formation and duties of section 21 company or similar legal entities

- (a) The applicant shall properly and legally constitute a Resident's Association ("the Association") under Section 21 of the Companies Act (61 of 1973) to the satisfaction of the Council before the sale of the first erf, **(which association shall not be de-registered without the consent of the Council)**
- (b) The access erf (Erf 1070) and park erf (Erf 1071) shall be registered in the name of the Resident's Association **and said road/park portion may not be sold or in any way disposed of without prior written consent of the Council.**
- (c) The construction and maintenance of the road over the Right of Way shall be the responsibility of the applicant until that responsibility can be taken over by the Association.
- (d) Each and every owner of Erven 1043 to 1069 shall become a member of the Resident's Association upon transfer of the erf.
- (e) The Resident's Association shall have full legal power to levy from each and every member the costs incurred in fulfilling its function, and shall have legal recourse to recover such fees in the event of a default in payments by any member.
- (f) The Council shall not be liable for the malfunction of the surfacing of the access way and/or the stormwater drainage system, and/or any essential services, with the exception of the sewerage system.
- (g) A servitude for municipal purposes shall be registered over Erf 1070 in favour of, and to the satisfaction of, the Council.
- (h) The Council shall be indemnified from any responsibility for the cost of repairs to the access roadway in the event of it having to gain access or provide underground services in the future.
- (i) Access from Erven 1043 to 1069 to a public road shall be across Erf 1070.
- (j) The Council shall have unrestricted access to Erf 1070 at all times.

2. CONDITIONS OF TITLE

The erven mentioned hereunder shall be subject to the conditions, as indicated, imposed by the Council in terms of the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986.

2.1. All Erven

- (a) The erf is subject to a servitude, 2m wide, in favour of the Council for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary and in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes, 2m wide across the access portion of the erf, if and when required by the Council: Provided that the Council may dispense with any such servitude.
- (b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2m thereof.
- (c) The Council shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it, in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the Council.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1692**STAD VAN JOHANNESBURG
VERKLARING TOT GOEDGEKEURDE DORP**

Ingevolge artikel 103(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986) verklaar die STAD VAN JOHANNESBURG hierby die dorp **HONEYDEW MANOR UITBREIDING 23** tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

BYLAE

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR BERGKRIEK PROPERTIES (EDMS) BEPERK (HIERNA DIE AANSOEKER GENOEM) INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 632 (GEDEELTE VAN GEDEELTE 95) VAN DIE PLAAS WILGESPRUIT NR 190 IQ, PROVINSIE GAUTENG, TOEGESTAAN IS.

1. STIGTINGSVOORWAARDES**1.1. Naam**

Die naam van die dorp is **HONEYDEW MANOR UITBREIDING 23**.

1.2. Ontwerp

Die dorp bestaan uit erwe soos aangedui op **Algemene Plan SG Nr 997/2006**.

1.3. Voorsiening en installering van dienste

Die dorpseienaar moet die nodige reëlings tref vir die voorsiening en installering van ingenieursdienste in die dorp, tot bevrediging van die Raad/City Power/Eskom.

1.4. Verpligtinge ten opsigte van noodsaaklike dienste asook die beperking ten opsigte van vervreemding van erwe

- a) Die dorpseienaar sal, in terme van 'n vooraf gereëlde ooreenkoms met die Raad, sy verpligtinge rakende die voorsiening van ingenieursdienste in en vir die dorp, ingevolge Hoofstuk 5 van die Ordonnansie nakom.
- b) 'n Bydrae tot die voorsiening van eksterne ingenieursdienste en grootmaat riool sal betaalbaar wees.
- c) Geen erwe mag vervreem of oorgedra word in die naam van 'n koper alvorens die Raad bevestig het dat voldoende waarborge/kontantbydraes ten opsigte van die voorsiening van dienste deur die dorpseienaar aan die Raad gelewer is nie.

1.5. Verskuiwing of die vervanging van munisipale dienste

Indien dit as gevolg van die stigting van die dorp nodig word om enige bestaande munisipale dienste te verskuif of te vervang moet die koste daarvan deur die dorpseienaars gedra word.

1.6. Beskikking oor bestaande titelvoorwaardes

Alle erwe moet onderhewig gemaak word aan bestaande titelvoorwaardes en serwitute, indien enige, insluitende die reservering van die mineraleregte.

00002020

1.7. Stigting en verpligtinge van artikel 21 maatskappy of soortgelyke regsenteite

- (a) Die aansoekers moet wettiglik en volgens voorskrif die Inwoners – vereniging ('die vereniging') onder artikel 21 van die Maatskappy Wet (61 van 1973) tot bevrediging van die Raad saamstel, voor of met die verkoop van die eerste erf in die dorp, (welke vereniging nie mag registreer sonder die toestemming van die Raad nie).
- (b) Die toegangserf (Erf 1070) en park erf (Erf 1071) moet in die naam van die Inwoners vereniging geregistreer word, waarvan die genoemde pad/parke nie mag verkoop of vervreem word sonder vooraf geskrewe toestemming van die Raad nie.
- (c) Die konstruksie en onderhoud van die pad oor die weg, sal die verantwoordelikheid van die aansoeker wees, tot en met die verantwoordelikheid oorgeneem word deur die vereniging.
- (d) Iedere en elke eienaar van Erwe 1043 tot 1069 moet 'n lid van die Inwoners vereniging word met oordrag van die erf.
- (e) Die Inwoners vereniging sal die wettige reg hê om die kostes aangegaan ter vervulling van sy funksie van ieder en elke lid te hef en sal toegang hê tot regshulp ter verhaling van sodanige fooi in die geval van die wanbetaling deur enige lid.
- (f) Die Raad sal nie aanspreeklik wees vir die wanfunksionering van die oppervlak van die toegangsweg /en of stormwaterdreineringsstelsel en/of enige noodsaaklike dienste nie, met uitsondering van die rioleringsstelsel.
- (g) 'n Servituut vir munisipaliteit doeleindes moet geregistreer word oor Erf 1070 ten gunste van die Raad.
- (h) Die Raad is gevrywaar van enige verpligting ten opsigte van enige kostes vir die onderhoud van die toegangsgedeelte insluitend enige ondergrondse werke of installering van dienste van watter aard ookal.
- (i) Toegang van Erwe 1043 tot 1069 tot 'n openbare pad moet oor Erf 1070 geskied.
- (j) Die Raad sal te alle tye onbeperkte toegang tot Erf 1070 hê.

2. **TITELVOORWAARDES**

Die erwe hieronder genoem sal onderworpe wees aan die voorwaardes soos aangedui, opgelê deur die Raad ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986.

2.1. **Alle Erwe**

- a) Die erf is onderworpe aan op 'n servituut van 2 meter breed vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die Raad langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele servituut vir munisipale doeleindes 2 meter breed oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer verlang deur die Raad: Met dien verstande dat die Raad van enige sodanige servituut mag afsien.
- b) Geen geboue of ander struktuur mag binne die voorgenoemde servituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne

die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2 meter daarvan geplant word nie.

- c) Die Raad is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke wat hy volgens goeë dunde noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voorgenoemde serwituut grens en is voorts geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voorgenoemde doel, onderworpe daaraan dat die Raad enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

Uitvoerende Direkteur: Ontwikkelings, Beplanning, Vervoer en Omgewing
 Kennisgewing Nr.695/2006

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1693

**CITY OF JOHANNESBURG
 AMENDMENT SCHEME 05-2492**

The Council hereby in terms of provisions of Section 125 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, declares that it has approved the amendment scheme, being an amendment of the Roodepoort Town-planning Scheme 1987, comprising the same land, as included in the Township of **HONEYDEW MANOR EXTENSION 23**.

Map 3, Annexure and scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Executive Director: Development Planning, Transportation and Environment: City of Johannesburg and are open for inspection at all reasonable times.

The amendment scheme is known as Amendment Scheme 05 -2492.

**Executive Director: Development Planning
 Transportation and Environment**
 Notice No.695/2006

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1693

**STAD VAN JOHANNESBURG
 WYSIGINGSKEMA 05-2492**

Die Stadraad verklaar hierby ingevolge die bepalings van artikel 125 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, dat dit 'n wysigingskema synde 'n wysiging van Roodepoort - dorpsbeplanningskema, 1987, wat uit dieselfde grond as die dorp **HONEYDEW MANOR UITBREIDING 23** bestaan, goedgekeur het.

Kaart 3, Bylae en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur Uitvoerende Direkteur: Ontwikkelings Beplanning, Vervoer en Omgewing, Stad van Johannesburg en is beskikbaar vir inspeksie te alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as wysigingskema 05-2492.

Uitvoerende Direkteur: Ontwikkelings Beplanning, Vervoer en Omgewing
 Kennisgewing Nr.695/2006

01020000

Printed by the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001, for the Gauteng Provincial Administration, Johannesburg
Gedruk deur die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaat Sak X85, Pretoria, 0001, vir die Gauteng Provinsiale Administrasie, Johannesburg